education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

BESIGHEIDSTUDIES V2

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 ure

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe: (Besigheidsomgewings en Sakebedrywighede)

   AFDELING A: VERPLIGTEND

   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne beantwoord word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (Minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**30**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae	**2**	**40**	**30**
KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**3**	**40**	**30**
	4	**40**	**30**
C: TWEE opsteltipe vrae	**5**	**40**	**30**
KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**6**	**40**	**30**
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord vir ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 - nuwe bladsy, VRAAG 2 - nuwe bladsy ens.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Copyright reserved

VRAAG 1

1.1 Vier opsies word voorsien as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK. Byvoorbeeld 1.1.6 A

1.1.1 ‘n Vennootskap het…..

A beperkte aanspreeklikheid en beperkte kontinuïteit.
B onbeperkte aanspreeklikheid en onbeperkte kontinuïteit.
C beperkte aanspreeklikheid en onbeperkte kontinuïteit
D onbeperkte aanspreeklikheid en beperkte kontinuïteit

1.1.2 'n Voordeel van eie fondse as 'n bron van finansiering vir die besigheid:

A Geen rente word betaal op hierdie fondse nie
B Lae rentekoerse word betaal op hierdie fondse
C Lae rentekoerse kan onderhandel word
D Geen rentekoerse vir die eerste jaar

1.1.3 Interaksie met ander om idees en inligting uit te ruil en professionele kontakte te ontwikkel, staan bekend as...

A netwerkgebruik.
B invloedwerwing.
C samesmeltings.
D oornames.

1.1.4 Pro-bono werk…

A is ‘n manier om probleme op te los of moeilike situasies te hanteer
B is om werk te doen sonder enige koste, veral vir kliënte op lae inkomstevlakke
C beteken dinge wat gegee word om iets te help bereik of voorsien
D is opleiding, berading en leiding te gee aan iemand wat minder ervare is in iets

1.1.5 Kentucky Fried Chicken en McDonalds is voorbeelde van…

A ketting winkels.
B kleinhandelaars.
C franchises.
D uitkontrakterende maatskappye.

(5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

vennootskap artikels; indiensnemingskontrak; verkryging; Jungian; alliansies; akte van oprigting; inheemse; etiese kode; besluitneming; Belbin

1.2.1 … is wanneer een besigheid ’n ander besigheid koop.

1.2.2 … word gebruik om Maatskappye te registreer.

1.2.3 Masego het 'n ou idee aangewend om haar sakeprobleme op te los. Hierdie is 'n voorbeeld van ... kennis.

1.2.4 Die … word gebruik om te kyk of ‘n saak eties is.

1.2.5 Die ... dinamiese teorie fokus op spanne se houding en funksies.

(10)

1.3 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Onetiese sakepraktyke	A	korttermyn lening van bank
1.3.2	Grief	B	openbaar inligting oor a produk se bestanddele
1.3.3	Storting	C	langtermyn lening van die bank
1.3.4	Strategiese alliansie bestuur	D	oorbeklemtoon ‘n produk se inligting wat nog nie getoets is nie
1.3.5	Oortrokke bank	E	'n werknemer se klagte met betrekking tot swak werksomstandighede
		F	‘n voorbeeld van magsverhoudinge
		G	‘n voorbeeld van groepskonsensus
		H	'n Vervaardiger in een land voer goedere uit na 'n ander land teen 'n prys wat baie is laer as die prys van die plaaslike markte
		I	'n meningsverskil tussen twee mense
		J	'n lisensie om die naam, idee en prosesse van 'n bestaande besigheid in 'n spesifieke geografiese gebied te gebruik

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE vrae in Afdeling B.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem DRIE sleutel/deurslaggewende suksesfaktore vir ’n besigheids-geleentheid. (3)

2.2 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg.

CORLIA SE BESIGHEIDSENTRUM

Corlia het jare lank as onderwyser gewerk en besef dat klein besighede sukkel om sakedokumente te voltooi. Sy het 'n sakesentrum oop gemaak om klein besighede te help met die voltooiing van hul sakeprofiele.

2.2.1 Haal aan uit die scenario waarom Corlia as ’n entrepreneur geklassifiser kan word. (1)

2.2.2 Noem VIER ander eienskappe van ’n entrepreneur. (4)

2.3 Omskryf in breë trekke VIER faktore wat oorweeg moet word voordat ’n besigheid begin word. (8)

2.4 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg:

OLIVE UITLAATSTELSEL SENTRUM (OUS)

Olive het 'n goeie sake idee om motoronderdele te verkoop om motors in goeie toestand te hou. Sy het 'n klein lening van haar plaaslike bank in Mahikeng ontvang. Sy benodig meer befondsing om haar besigheid te vestig en het geen kennis in die omskakeling van haar sakeplan in 'n aksieplan nie.

2.4.1 Brei uit oor die betekenis van ‘n *aksieplan*. (4)

2.4.2 Verduidelik die belangrikheid van ‘n aksieplan. (8)

2.4 3 Beveel VIER ander bronne van finansiering aan wat Olive kan gebruik. (8)

2.5 Stel TWEE redes voor waarom ‘n entrepreneur kan besluit om ‘n bestaande besigheid te koop. (4)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg:

NGOBENI MEDIESE EN NOODDIENSTE (MND)

Werknemers van Ngobeni MND-dienste werk deur die jare heen in ‘n stresvolle werksomgewing. Ambulanspersoneel word gereeld beroof van mediese apparate en persoonlike besittings wanneer hulle laat in die nag uit is op noodgevalle laat die aand. Die bestuur van Ngobeni EMR oorweeg om 'n paar veranderinge in hul besigheid te maak, maar is bekommerd dat sommige werknemers die verandering kan teenstaan.

3.1.1 Beskryf die term *stresvolle werksomgewing*. (4)

3.1.2 Motiveer hoe die werksure van Ngobeni MND kan bydra tot hulle stresvlakke. (4)

3.1.3 Verduidelik redes waarom sommige werknemers veranderinge mag weerstaan. (12)

3.2 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Mpho, die bestuurder van Maseko Paint, wil die kwaliteit van hul verf verbeter as gevolg van verskeie klagtes van hul kliënte. Mpho het 'n groep deskundiges versoek om vraelyste te voltooi om die probleem op te los.

3.2.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat Mpho gebruik het om hulle probleem op te los. Motiveer jou antwoord. (2)

3.2.2 Verduidelik aan Mpho die voordele van die probleemoplossingstegniek wat in VRAAG 3.2.1 geidentifiseer is. (6)

3.2.3 Beskryf die konsep *kreatiewe denke*. (2)

3.2.4 Verduidelik VYF sielkundige blokke wat verhinder dat ‘n mens ‘n probleem korrek herken of ‘n oplossing vir daardie probleem vind. (10)
[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Identifiseer die visuele hulpmiddel wat van toepassing is op elk van die onderstaande stellings.

4.1.1 Dit word gebruik waar die inligting baie detail bevat en die aanbieder wil hê dat die gehoor ‘n volledige weergawe van die aanbieding het.

4.1.2 Dit word gebruik om ‘n proses of prosedure te vertoon.

4.1.3 Skyfies met inligting wat op ‘n skerm gewys word.

4.1.4 Dit word gebruik om die hele eenheid sowel as die proporsies van sy komponente aan te toon. (8)

4.2 Brei uit oor die verskil tussen verbale en nie-verbale kommunikasie. (4)

4.3 Bespreek die voordele van die stigting van ‘n maatskappy teenoor ander ondernemingsvorme. (8)

BESIGHEIDSROLLE

4.4 Onderskei tussen *etiek en professionalisme.* (8)

4.5 Stel maniere voor waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe besigheidspraktyke uitgevoer moet word. (6)

4.6 Adviseer besighede oor die rol van werkplekforums. (6)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die gekose vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

ORLEM BEAUTY TREATS

Orefile en Lemogang bedryf al die afgelope vyf jaar 'n skoonheidsalon. Hulle stem saam dat hulle hul besigheid wil uitbrei. Lemogang stel voor dat hulle meer takke in ander dorpe oopmaak. Orefile meen dit sal beter wees om hul besigheid as 'n konsessie (franchise) te registreer. Hulle het besluit dat hulle meer inligting oor 'n konsessie (franchise) onderneming nodig het.

Orlem Beauty Treats het jou as onafhanklike besigheidskonsultant gevra om hulle van meer inligting te voorsien. Jou verslag moet die volgende insluit:

- Brei uit op die betekenis van 'n konsessie (franchise).
- Evalueer 'n konsessie (franchise) as 'n besigheidsmodel.
- Bespreek die TWEE partye betrokke by 'n konsessie (franchise).
- Adviseer Orlem Beauty Treats oor die kontraktuele implikasies van 'n konsessie (franchise). **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE

MADIBA KONSTRUKSIE

Zwele en Mpho is ou skoolvriende en nadat hulle hul grade in Konstruksie Ingenieurswese en Besigheidsbestuur onderskeidelik voltooi het, besluit hulle om 'n konstruksiebesigheid te begin. Hulle kom gereeld in konflik met mekaar en met hul arbeidsmag. Hulle werk nie goed saam nie en hulle besigheid ly daaronder.

Verwys na die scenario hierbo en skryf 'n opstel waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Definieer die konsep *konflik*.
- Omskryf SES moontlike oorsake van konflik.
- Bespreek die VIER fases van spanontwikkeling.
- Verduidelik die komponente van 'n gebalanseerde span volgens die Belbin-rolteorie aan hulle.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOT TOTAAL: 150

Copyright reserved